Enkele weke voor 27 Junie 1985 het Lt Kol van Rensburg, tweede in bevel van die Veiligheidstak, Afdeling Oostelike Provinsie, my in sy kantoor meegedeel dat daar 'n drastiese plan met Matthews Goniwe en sy grootste trawante gemaak moes word, omdat hulle besig was om die situasie op die Oos-Kaapse platteland in totale anargie te omskep. Ek het aangeneem dat hy bedoel dat die aktiviste elimineer moes word, aangesien hy dit uitdruklik sou stel indien hy bedoel het dat hulle

aangehou moes word. Ek het dit met later met Maj du Plessis bespreek, met spesifieke verwysing na Goniwe, Calata en Mkhonto. Maj du Plessis het my op 'n stadium na Lt Kol van Rensburg se kantoor vergesel waar Kol van Rensburg dit benadruk het dat Kolonel Snyman, die bevelvoerder van Veiligheidstak, Afdeling Oostelike Provinsie, die eliminasie van die aktiviste moes goedkeur. Ek en Maj du Plessis is na Kol Snyman se kantoor waar ons die aangeleentheid kortliks bespreek het, aangesien Kol Snyman op hoogte was van die bedrywighede van al die betrokke aktiviste. Kol Snyman, wie ek nog altyd as 'n sagmoedige persoon beskou het, het gese dat ons moet doen wat in belang van die RSA is. Ons het dit as die amptelike magtiging van die operasie beskou. Ek en Maj du Plessis het daarop na die kantoor van Lt Kol van Rensburg teruggekeer en aan hom meegedeel dat Kol. Snyman die operasie goedgekeur het.

9.

Lt Kol van Rensburg het gevolglik in gesprek getree met Maj du Plessis en myself ten einde die beplanning te doen rondom die wyse waarop die operasie uitgevoer moes word. Lt Kol van Rensburg het opdrag gegee dat die operasie moes voorkom soos 'n roof of 'n vigilante aanval. Hy het waarskynlik daarop gemik dat daar 'n redelike hewige stryd tussen sekere faksies van die UDF en AZAPO was wat reeds tot bloedvergieting gelei het.

10.

Ek het gevolglik vir Lt Eric Taylor en Sers Gerhard Lotz, wat albei op die Swart Aangeleenthede tak gewerk het, afsonderlik opdrag gegee om my te help om die drie aktiviste vanaf Cradock se bedrywighede en bewegings intensief te monitor ten einde ons in staat te stel om 'n operasionele plan te finaliseer. Gedurende hierdie proses, waartydens Goniwe, Calata en Mkhonto baie aktief was, het die noue skakeling en samewerking tussen Goniwe en Mhlawuli pertinent na vore getree. Ek het hul bedrywighede gereeld met Maj du Plessis bespreek en dit is besluit dat Mhlawuli dieselfde prioriteit as teiken vir eliminasie sou he aangesien sy permanente verwydering waarskynlik die uitwerking sou he dat die situasie in die Oudtshoorn-omgewing sou stabiliseer. Die doel van hierdie intensiewe moniteringsproses was dan ook om 'n geleentheid te identifiseer waartydens hierdie aktiviste om die lewe gebring kon word in omstandighede waar die Veiligheidstak nie verdink sou word nie. Aangesien dit bekend was dat die aktiviste baie rondbeweeg het, was 'n ooglopende plan om hulle op 'n afgelee pad voor te keer en te ontvoer. Ek het Maj du Plessis meegedeel dat ek van Lt Taylor en Sers Lotz se hulp sou gebruik maak en hy het geen beswaar gehad nie.

11.

Inligting is gevolglik op 27 Junie 1985 ontvang dat die betrokke vier aktiviste in Port Elizabeth was en dat hulle die aand na Cradock sou terugkeer. Ek kan nie onthou wie die inligting aan my oorgedra het nie, maar dit kon enige van Lt Taylor, Sers Lotz of Maj du Plessis gewees het. Ek kan onthou dat verskeie bronne van lede van die tak gereeld oor die betrokke aktiviste gerapporteer het, maar ek herinner my dat die spesifieke inligting vanaf 'n telefoononderskepping bekom is. Ek het aan Lt

Taylor en Sers Lotz opdrag gegee om hulle gereed te hou en om my om 1700 by die Algoapark Polisiestasie te ontmoet en het voorts vir Sers Faku opdrag gegee om die aand op 'n spesifieke plek naby die New Brighton Polisiestasie te wag en in radioverbinding te bly. Ek het aan hom gese dat hy enige van Sers Moguduka of Shepherd Sakati met hom kan saambring. Hy het op daardie stadium nie geweet wat beplan word nie en ek het die opdrag gegee ingeval iets verkeerd loop en ons hulle hulp om een of ander rede nodig sou he. Ek kan nie onthou presies waar ons moes ontmoet nie aangesien ons verskeie ontmoetingsplekke in verskillende dele van die woonbuurte gehad het wat by normale dienstye gebruik is.

12.

Na ons ontmoeting by Algoapark het ek, Lt Taylor en Sers Lotz met twee motors in die rigting van die Olifantshoekpas gery. Ek het alleen gery. By 'n geskikte plek het ons stilgehou sodat ons verkeer wat vanaf Port Elizabeth aangekom het, kon waarneem. Teen ongeveer 23h00 het ons die verwagte voertuig, 'n beige kleurige Honda, met vier insittendes, waargeneem wat in die rigting van Grahamstad ry. Ons het hulle agtervolg tot waar daar duidelik geen ander verkeer was nie, waarop Lt Taylor en Sers Lotz hulle motor verbygesteek het en hulle van die pad afgetrek het. Ek het agter die aktiviste se motor gestop en nadat ons hulle geidentifiseer het, het ons hulle laat uitklim en hul hande vasgeboei. Ons het hulle meegedeel dat ons hulle wou ondervra. Sers Lotz het 'n stel vals nommerplate aan die aktiviste se motor geheg. Ek kan die doel daarvan nie meer onthou nie. Twee aktiviste het saam met my gery en een elk saam met Lt Taylor en Sers Lotz. Sers Lotz het die aktiviste se motor bestuur. Ons het teruggery na die omgewing van St George Strand waar ons van die hoofpad afgedraai het en 'n ent met 'n grondpad tussen die bosse naby die kus gery voordat ons stilgehou het. Ons het al vier aktiviste laat uitklim en Lt Taylor is deur my opdrag gegee om hulle op te pas.

13.

Ek en Sers Lotz het met die aktiviste se motor en my voertuig na 'n punt naby die Aldo Scribanti renbaan gery waar ons petrol oor die motor gegooi en dit aan die brand gesteek het. Ons is daarop terug na die punt waar Lt Taylor met die aktiviste gewag het en ek het een van die aktiviste, S Mkhonto, agter in my motor laat klim. Ek het alleen met hom weggery met die doel om hom met 'n mes om die lewe te bring. Ek het ook 'n rubberknuppel by my gehad waarmee ek hom bewusteloos wou slaan.Terwyl ek stadig deur 'n verlate area gery het op soek na 'n geskikte plek om hom om die lewe te bring, het hy my skielik van agter om die nek beetgekry. Ek moes stilhou en het hom oor my skouer met 'n ongelisensieerde 22 kaliber wapen wat ek uit die destydse Rhodesie (Zimbabwe) gebring het en wat onder my sitplek gele het, geskiet. Ek weet nie waar ek hom getref het nie. Ek het hom uit die motor getrek en weer een keer in die kop geskiet en ek het vasgestel dat hy dood is. Ek het hom daar gelos en na die ontmoetingsplek gery, waar ek vir Sers Faku, Sers Moguduka en Shepherd Sakati aangetref het. Ek het hulle vertel wat gebeur het en het hulle versoek om my te help. Ons het hulle motor, 'n minibus, na die New Brignton Polisiestasie geneem. Hulle het daarna saam met my gery na die plek waar die aktivis se lyk was en gehelp om petrol daaroor te gooi en aan die brand te steek. Voor dit het Sers Faku hom verskeie kere met 'n mes gesteek, hoewel hy reeds

dood was. Ek het die genoemde vuurwapen later opgesaag en in die see naby Port Elizabeth gegooi.

14.

Ons het daarna gery na die plek waar Lt Taylor en Sers Lotz met die ander aktiviste gewag het. Ek en Sersante Faku en Moguduka het daarop vir S Mhlawuli in my motor gelaai en na 'n punt sowat een kilometer van die plek gery waar Lt Taylor-hulle was, waar ons hom uitgelaai het. Sers Faku het hom met 'n rubberknuppel oor die kop geslaan en hy het bewusteloos neergeval. Die twee swart polisiemanne het hom daarop met 'n mes ( of messe ) gesteek en uiteindelik aan my gese dat hy dood is. Ons het daarna teruggekeer na die plek waar die ander gewag het.

15.

Sers Lotz en een of twee van die swart lede het daarna met een van die oorblywende aktiviste weggestap terwyl ek en Lt Taylor by die motors gewag het. Hy (Lotz) het kort daarna teruggekeer en aan my gerapporteer dat die swart lede die aktivis met messe doodgesteek het nadat hy hom bewusteloos geslaan het. Lt Taylor het die laaste aktivis weggeneem en na 'n paar minute teruggekeer en gerapporteer dat hy self die aktivis oor die kop geslaan het, maar dat hy deur die swart lede met messe gesteek is en dat hy dood is. Ek weet nie wie van die aktiviste is eerste om die lewe gebring nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

16.

Ek het opdrag gegee dat die boeie verwyder moes word en dat Lt Taylor en Sers Lotz moes wag totdat ek en die swart lede by die ander punt was voordat hulle die lyke van die aktiviste aan die brand steek. Ons was per radio in verbinding en het op 'n frekwensie gekommunikeer wat vir die Veiligheidstak gereserveer was. By die lyk van Mhlawuli het ek 'n kan petrol uit die bagasiebak van my motor gehaal terwyl die swart lede die boeie moes afhaal. Faku het later aan my gese dat hulle die een hand van die lyk moes afsny omdat hulle nie die boeie kon afkry nie. Ek het vir Lt Taylor per radio laat weet dat ons gereed was en ons het die lyke op die twee punte gelyktydig aan die brand gesteek. Ek het opdrag gegee dat Lt Taylor en Sers Lotz moes onttrek, waarna ek en die swart lede na New Brighton is om hul voertuig te gaan haal. Daar het ons die agterste sitplek van my motor gewas omdat daar enkele bloedspatsels was wat verwyder moes word.

17.

Ek is nie huis toe nie en het vroeg die oggend persoonlik op kantoor aan Maj du Plessis gerapporteer dat die operasie afgehandel is. Ek en Maj du Plessis het later persoonlik aan Kol Snyman gerapporteer. Ek kan nie onthou of ek dit ooit weer met Lt Kol van Rensburg bespreek het nie.

-----------------------------------

(b) Meld indien enige persoon beseer is, gedood is of enige skade aan eiendom gely het as gevolg van sodanige daad/dade, versuim / versuime of misdryf/misdrywe :

Ja

(c) Indien wel, meld :

(I) Die naam/name van die slagoffer/s

M Goniwe, F Calata, S Mkhonto, S Mhlawuli

(ii) Die beroep/e en adres/se van die slagoffer/s

Onderwysers/aktiviste sover bekend

(iii) Die name en adresse van die slagoffer/s se naasbestaandes

Onbekend aan my

(iv) Enige ander inligting wat met die identifisering en opsporing van die slagoffer/s behulpsaam kan wees

Geen

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

10. (a) Meld politieke oogmerke wat bereik wou word :

1. Die doelstellings van die Veiligheidstak, as magsbasis van die vorige regering was die handhawing van binnelandse veiligheid deur die bekamping van terrorisme en die beskerming van die Staatsbestel en -strukture teen Kommunistiese ekspansionisme, soos geidentifiseer in die sogenaamde bevrydingsorganisasies (ANC/SAKP Alliansie, PAC ens) en hulle gewapende vleuels (Umkhonto we Sizwe, APLA ens) wat met geweld die regering van die dag omver wou werp en oorneem. Hierdie doelstellings, as sulks, was die politieke oogmerke van die Veiligheidstak.

Die oogmerke kan verder omskryf word soos volg :

1.1 Die beskerming en instandhouding van die Regering en die wettige instellings wat deur hom daargestel was;

1.2 Die beskerming van die integriteit van die vorige regering om sodoende te verseker dat die gemeenskap nie vertroue in die regerende party verloor nie, as gevolg van terreurdade en propaganda deur Kommunisties gesinde organisasies;

1.3 Suid-Afrika en sy Wersterse kapitalistiese gemeenskap te beskerm teen 'n gewelddadige oorname deur Kommunistiese gesinde bevrydingsbewegings wie se doelstellings dit was om die land onregeerbaar te maak.

1.4 Deur bovermelde oogmerke die bestaan van 'n Westerse demokrasie soos ek dit geken het, in stand te hou en te verseker.

Soos vermeld, was al vier persone prominente aktiviste wat direk of indirek 'n groot aandeel aan die anargie en openbare onrus gehad het wat voor hul dood in die streek geheers het. Hul eliminering was die enigste manier om die leidingsrol wat hulle in die aanslag gespeel het, uit te skakel.

(b) U motivering waarom u sodanige daad/dade, versuim/e of misdryf / misdrywe as daad/dade, versuim/e of misdryf/misdrywe wat met 'n politieke oogmerk in verband staan, beskou :

Deur hulle te elimineer kon hulle nie met hul opruiende bedrywighede voortgaan nie. My seniors en ekself het oortuig gevoel dat daar 'n afname in geweld en doodslag sou wees. Let asseblief daarop dat slegs die geprioritiseerde teikens geelimineer is en nie 'n massa onbetrokke burgerlikes soos die geval sou wees as daar bv. 'n bom gestel was nie.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(c) Is u op enige wyse bevoordeel, finansieel of andersins ?

GEENSINS.

(d) Indien wel, verduidelik die aard en omvang daarvan :

N.V.T.

11 (a) Is die daad/dade, versuim/e of misdryf/misdrywe verrig in die uitvoering van 'n bevel van, of ten behoewe van, of met die goedkeuring van die betrokke organisasie, instelling, liggaam, bevrydingsbeweging, staatsdepartement of veiligheidsmag ?

JA

(b) Indien wel, meld besonderhede met betrekking tot sodanige bevel of goedkeuring en die datum daarvan en, indien bekend, die naam en adres van die persoon/persone wat sodanige bevel gegee of goedkeuring verleen het :

Kol Snyman, Lt Kol Van Rensburg, Maj du Plessis
Huidige adresse onbekend

12. Indien vervolging gevolg het, meld :

(a) In welke hof...N.V.T

(b) Saaknommer...N.V.T.

(c) Op welke aanklag...N.V.T.

(d) Datum van volgende verskyning in hof (indien enige) ...N.V.T.

(e) Misdryf ten opsigte waarvan skuldig bevind en gevonnis is ( indien van toepassing )...N.V.T.

(f) Datum van vonnis (indien van toepassing)...N.V.T.

(g) Vonnis opgele (indien van toepassing)...N.V.T.

(h) Gevangenisnommer (indien van toepassing)...N.V.T.

13. (a) Is siviele verrigtinge hangende of word dit beoog na aanleiding van die daad/dade, versuim/e of misdrywe ten opsigte waarvan amnestie verlang word ?

Onbekend

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(b) Indien wel, meld :

(i) Die identiteit en adresse van die partye en hulle regsadviseurs, indien enige :

Onbekend

(ii) Die saaknommer en die hof waarin die verrigtinge hangend is :

Onbekend

VERKLAARDER

Die verklaarder erken dat hy/~~sy~~ vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is behoorlik voor my beedig/~~bevestig~~ op hede die 6de dag van Mei 1997 te Pretoria.

KOMMISSARIS VAN EDE

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

AM5637/97

AANHANGSEL

97-05-09
RECEIVED

VORM 1

AANSOEK OM AMNESTIE INGEVOLGE ARTIKEL 18 VAN DIE WET OP DIE BEVORDERING VAN NASIONALE EENHEID EN VERSOENING , 1995 ( WET NO. 34 VAN 1995 )

---

46649

1. Van : Van Zyl

2. Volle voorname : Johan Martin

3. Adres : P/a Adv C. McAdam, Getuiebeskermingsprogram

4. Identiteitsnommer/Paspoortnommer : 5002075016080

5. Geboortedatum: 7 Februarie 1950

6. Geboorteplek : Otjiwarongo, Namibie

7. (a) Indien u 'n beampte/ampsdraer/lid/ondersteuner is/was van enige politieke organisasie/instelling/liggaam of bevrydingsbeweging, meld naam daarvan :

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Nasionale Party

(b) Meld hoedanigheid waarin u in die betrokke organisasie/instelling/ liggaam of bevrydingsbeweging gedien het, indien van toepassing en lidmaatskapnommer, indien enige :

Slegs ondersteuner

8. (a) Indien u 'n beampte/ampsdraer/werknemer is/was in diens van die Staat of enige voormalige staat of indien u 'n lid is/was van die veiligheidsmagte van die Staat of enige voormalige staat, meld die departement/afdeling/divisie :

S.A. POLISIE VEILIGHEIDSTAK
S.A. WEERMAG SPESIALE MAGTE

(b) Meld hoedanigheid en tydperk waarin u in diens van die Staat of voormalige staat was of in die veiligheidsmagte gedien het, indien van toepassing en magsnommer, indien enige :

1968 : Magsnommer 66317108 : Dienspligtige : Leergimnasium
1969 : Magsnommer 54276P : Student : Kirkwood en Polisiekollege

1970 : Konstabel : Spesiale Wageenheid
1971 : Konstabel : Graaff Reinet
Wapensmidkursus
Teen-insurgensiekursus
Grensdiens
1972 : Sersant : Oprukeenheid, Umtata
Grensdiens
1973 : Veiligheidstak Umtata
Grensdiens
1974 : Adjudant Offisier
Grensdiens
1975 : Grensdiens en verdere teen-insurgensie kursusse
1976 : Adj Off : Pietermaritzburg Veiligheidstak
1978 : Offisierskursus
1979 : Luitenant, Takbevelvoerder, Ladysmith
1980 : Oshakati : Operasie Koevoet , Gevegspanleier
1981 : Kaptein
1984 : Veiligheidstak Port Elizabeth
1986 : Bedank uit Polisie, sluit aan by S.A.W. Spesiale Magte
1991 : Bedank uit S.A.W. toe eenheid ontbind.

Kort persoonlike oorsig :

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek is op 7 Februarie 1950 op Otjiwarongo in die destydse Suidwes-Afrika gebore.My pa was 'n bankamptenaar en het daarin geglo om 'n neutrale politieke beeld uit te dra. Hoewel ek geweet het dat my ouers die gewese Verenigde Party ondersteun het, was hulle nooit aktief in enige politiek betrokke nie en het ons selde politieke gesprekke in die huis gehoor. Ek was egter 'n ywerige leser van koerante en boeke met 'n politieke strekking en het 'n studie van die Wereldoorloe en die konflik in Korea en later Vietnam, gemaak. My ouers het dus nie 'n groot rol gespeel in die vorming van my eie politieke oortuigings nie.

Deur middel van boeke en koerante het ek my eie menings begin vorm en dit was veral na afloop van die Rivonia verhoor en met verwysing na sabotasie-aanslae en die berugte Johannesburgse stasiebom in die vroee sestigs dat ek 'n afkeur in Kommunisme en terrorisme gekry het en geglo het dat dit ten alle koste beveg moes word. Ek het geglo dat Afrika-leiers deur die Kommuniste om die bos gelei word en dat dit tot my land se ondergang sou lei indien 'n Kommunisties-gesinde meerderheidsregering hier aan die bewind sou kom. Ek het met verloop van tyd 'n sterk weersin in terrorisme opgebou en het gevolglik my Nasionale Diensplig met ywer aangepak.

Gedurende my diensplig jaar is my ma na 'n jarelange siekbed oorlede op 'n jong ouderdom en het ek, om nie 'n finansiele las op my pa se skouers te wees nie, by die Polisie aangesluit. Vele lesings en toesprake deur politici tydens parades en in koerantonderhoude het my motivering ten opsigte van die bevegting van Kommunisme en terrorisme versterk. Ek het 'n studie van die bestryding van terrorisme in lande soos Malaya, Kenia, Angola, Mosambiek en die destydse

Rhodesie gemaak en vrywilliglik soveel as moontlik grensdiens gedoen omdat ek dit as my plig geag het. Lesings tydens kursusse het die gevare van Kommunistiese oorheersing beklemtoon en my verder gemotiveer om die staatkundige bestel ten alle koste te beskerm an wet en orde te help handhaaf. Die ernstigste insident waarmee ek gemoeid was tydens my grensdiens was 'n operasie naby Victoria Valle waar ek een van die lede was wat eerste op die toneel afgekom het waar vier van my kollegas elk met 'n skoot deur die kop deur guerillas doodgeskiet is nadat hulle deur die guerillas aangehou is ( 8 Maart 1974 ). Ek het die opvolgoperasie gelei, maar die guerillas het reeds oor die Zambesi rivier na Zambia ontsnap met 'n vyfde kollega as gevangene, van wie daar nooit weer gehoor is nie.

Gedurende die jare wat ek op permanente diens op Operasie Koevoet was, was ek noodwendig in 'n groot aantal skietgevegte met SWAPO guerillas betrokke, waartydens honderde guerillas gedood is en ek ook etlike van my vriende en kollegas in gevegte verloor het. By vier geleenthede het ek anti-tenkmynontploffings op my voertuig oorleef en enkele ander noue ontkomings gehad. Ek het egter deurentheid gevoel dat ek my lewe vir 'n regverdige saak op die spel plaas en het my ondergeskiktes na die beste van my vermoe gelei. Die oorwegende meerderheid van my span was swart en van Angola afkomstig waar hulle eerstehandse kennis opgedoen het van die lewe onder 'n Marxistiese regering en hul gemotiveerde optrede was vir my bevestiging van my filosofie en politieke oortuiging.

My verplasing na Port Elizabeth het ek hoofsaaklik uitgevoer om vir my familie 'n meer normale lewe te verskaf as wat die operasionele gebied hulle gebied het. Ek het vroeg in 1985 ( Februarie tot April ) na Owamboland teruggekeer om te help om 'n besonder hewige reenseisoen-infiltrasie deur SWAPO te help stuit.

ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek het nooit vir enige voordeel of geldelike gewin opgetree of 'n ander motief gehad tydens enige van die operasies of ander diens tydens my loopbaan in die Polisie en die Weermag nie.

9. (a) Verskaf voldoende besonderhede van die daad/dade, versuim / versuime of misdryf/misdrywe wat met 'n politieke oogmerk in verband staan ten opsigte waarvan amnestie verlang word, insluitende datum/s, plek/ke en aard daarvan en die naam /name van enige ander persone betrokke :

(i) Daad/dade, versuim/e of misdryf/misdrywe

Moord
Sowel as enige ander strafregtelike of siviele aanspreeklikheid wat uit die voorval mag voortspruit

(ii) Datum/s

Laaste helfte van 1980

(iii) Plek/ke

Jozinidam, KwaZulu Natal

(iv) Aard en besonderhede

Gedurende 1980 was ek 'n luitenant in die S.A. Polisie en gestasioneer by die Veiligheidstak, Ladysmith, waar ek die takbevelvoerder was. As gevolg van die feit dat ek verskeie beriggewers hanteer het wat in Swaziland woonagtig was, het ek op 'n redelik gereelde basis na Swaziland gereis, sowel as na die Witwatersrand omgewing, aangesien baie van die inligting op die Johannesburg gebied van toepassing was en ek ook soms van die area gebruik gemaak het om my beriggewers te spreek. Die aard van die inligting wat my beriggewers ingesamel het, het hoofsaaklik gehandel oor die bedrywighede van die ANC en PAC in die buiteland, met die klem op gewapende terroriste wat die RSA moes insypel om dade van terreur hier te pleeg. Ek het soms met Kolonel Schalk Visser van die Soweto Veiligheidstak geskakel en altyd baie goeie samewerking gekry. Ek het hom in 1971 in die Caprivi omgewing ontmoet en het as polisie-offisier en mens vir hom groot agting gehad.

2.

Gedurende die laaste helfte van 1980 ( ek kan nie die maand of datum onthou nie ) het ek 'n telefoniese oproep van Kol Visser gehad waartydens hy gevra het of hy my baie dringend persoonlik oor 'n netelige saak kon spreek. Ek het dieselfde dag na Johannesburg vertrek waar ek Kol Visser by sy huis in die Melville omgewing aangetref het. Hy het aan my verduidelik dat 'n opgeleide lid van MK, wat vroeër gearresteer is, maar op daardie stadium as 'n beriggewer vir die Soweto tak gewerk het, weer "gedraai" het en besig was om 'n dubbele rol te speel. Hy het dit beklemtoon dat dit waarskynlik die persoon se hanteerder en ander lede van die tak

en Hoofkantoor se lewens in gevaar gestel het en dat hy my hulp nodig gehad het om van die persoon ontslae te raak. Hy wou nie van die lede op sy tak gebruik gemaak het nie aangesien hy totale geheimhouding om die gewese terroris se verdwyning wou verseker. Hy het my meegedeel dat Veiligheidshoofkantoor te Pretoria die opdrag gegee het dat die beriggewer elimineer moes word. Hy het genoem dat die beriggewer tydens sy MK opleiding die naam "Scorpion" aangeneem het en dat hy 'n gedugte terroris was. Ek kon sien dat hy ernstig was en aangesien ek hom gerespekteer het as 'n persoon van integriteit, vir geen oomblik sy woord in twyfel getrek nie. Ons het dadelik begin om die beplanning om die operasie te doen aangesien ek die erns van die situasie besef het. Ek het voorgestel dat ons van Zoeloeland gebruik maak aangesien ek die Transvaalse platteland glad nie geken het nie, maar wel die omgewing naby die Natal / Mosambiek grens, aangesien ek vroeër daar gehelp het om 'n kursus in teen-insurgensie en hinderlae aan polisiemanne aan te bied. Kol Visser het benadruk dat Hoofkantoor aangedring het dat die beriggewer totaal moes verdwyn, sodat daar geen teken van hom gevind sou word nie. Ons het besluit om van springstof gebruik te maak om van die lyk ontslae te raak. Ek het die springstof-inspekteur op Pietermaritzburg, Sers Donald Gold, gebel en nadat ek hom meegedeel het dat daar 'n dringende taak was om af te handel, hom gevra om 'n hoeveelheid springstof en ontstekers met hom saam te bring en my op 'n sekere tyd te Pongola te ontmoet. My eie kennis van springstof was beperk en ek het nog geen kursus in die hantering daarvan deurloop nie. Gold het ingestem.

3.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek en Kol Visser het daarop met my voertuig na 'n plattelandse dorp naby Johannesburg gery om die beriggewer te gaan oplaai. Ek kan vandag glad nie onthou watter dorp dit was nie en ek skryf dit daaraan toe dat ek die platteland op daardie stadium baie swak geken het. Kol Visser het die oplaai van die persoon behartig en ek kan nie onthou of ons hom by 'n woonhuis of kantoor in die dorp opgelaai het nie. "Scorpion" het sonder teestribbeling saam met Kol Visser in my voertuig geklim en ons het in die rigting van Natal gery. Hy was nie geboei nie en het skynbaar gemaklik met Kol Visser gesels. Ek kan onthou dat dit laatmiddag was toe ons hom opgelaai het. Ek kan nie onthou onder watter voorwendsel hy saam met ons moes ry nie. Ek het bestuur en het nie veel aan die gesprek deelgeneem nie.

4.

Ons het vroeg die volgende oggend op Pongola aangekom en Donald Gold het by ons aangesluit. Ek het hom meegedeel wat die doel van die operasie was en hy het ingestem om behulpsaam te wees. Ek kan nie onthou op watter stadium ons die eerste keer met Adj Off Gert Schoon van Jozini kontak gemaak het nie en of ons tot op Jozini gery het voor ons met hom geskakel het nie. Ons het wel later tot op Jozini gery. Ek en Kol Visser het hom ingelig t.o.v. die operasie en gevra of hy weet van 'n plek wat verlate genoeg was vir die taak. Hy het my beduie na 'n ou plaashuis naby die Jozinidam en voorgestel dat Adj Off Des Carr ons moontlik sou kon help en ons sou vergesel. Adj Off Carr het toe later by my, Don Gold en "Scorpion" by die ou plaashuis aangesluit. Kol Visser het by Adj Off Schoon agtergebly.

5.

By die ou plaashuis het "Scorpion" onder 'n boom buite die huis gaan le aangesien hy blykbaar moeg was van die vorige nag se reis. Toe hy vas aan die slaap was het Adj Off Carr aangebied om "Scorpion" om die lewe te bring deur hom te skiet. Hy het 'n Walther handmasjienkarabyn (HMK), wat deur Don Gold aan my oorhandig is, by my geneem en naby "Scorpion" plaasgeneem waar hy aan die slaap was. Hy het die wapen op "Scorpion" gerig en een skoot geskiet, waarop "Scorpion" opgespring en op my afgestorm het. Ek kan nie met sekerheid onthou of hy getref was deur Adj Off Carr se skoot nie. Ek het instinktief met my pistool op hom gevuur en hom in die kop getref. Hy was op slag dood. Ek, Gold en Adj Off Carr het die lyk opgetel en dit in 'n seil agter in Carr se voertuig geplaas. Ons het na 'n punt langs die Jozinidam gery waar Adj Off Schoon en Kol Visser met 'n boot gewag het.

6.

Ons het die lyk per boot na 'n eiland in die dam geneem, waar ek en Gold hom uitgetel en naby die middel van die eiland tussen 'n klomp bosse neergesit het. Gold het springstof op sy liggaam geplaas en die lading onder beheer gedetoneer. Die lyk was nie heeltemaal vernietig nie en hy het weer 'n lading op die oorblywende gedeeltes van die lyk geplaas en dit weer gedetoneer. Nadat Gold tevrede was is ons per boot terug na die damwal waar ons voertuie was. Ek het Kol Visser teruggeneem na Johannesburg en die ander lede het sover ek weet, na hul standplase teuggekeer. Ek en Kol Visser, of die ander lede, het nooit weer met mekaar oor die voorval gepraat nie.

ARCHIVE FOR JUSTICE

---

(b) Meld indien enige persoon beseer is, gedood is of enige skade aan eiendom gely het as gevolg van sodanige daad/dade, versuim'e of misdryf/misdrywe :

Ja, een persoon gedood

(c) Indien wel, meld :

(i) Die naam/name van die slagoffer/s

Slegs bekend as "Scorpion"

(ii) Die beroep/e en adres/se van die slagoffer/s

Onbekend

(iii) Die name en adresse van die slagoffers se naasbestaandes

Onbekend

(iv) Enige ander inligting wat met die identifisering en opsporing van die slagoffers behulpsaam kan wees

Geen

10. (a) Meld politieke oogmerke wat bereik wou word :

Die doelstelling van die Veiligheidstak, as magsbasis van die vorige regering, was die handhawing van binnelandse veiligheid deur die bekamping van terrorisme en die beskerming van die Staatsbestel en -strukture teen Kommunistiese ekspansionisme, soos geidentifiseer in die sogenaamde bevrydingsoganisasies ( ANC , PAC ens.) en hul gewapende vleuels ( Umkhonto we Sizwe, APLA ens.) wat met geweld die regering van die dag wou werp en oorneem.

1.1 Hierdie doelstellings, as sulks, was die politieke oogmerke van die Veiligheidstak.

1.2 Die oogmerke kan verder omskryf word soos volg :

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

1.2.1 Die beskerming en instandhouding van die Regering en die wettige instellings wat deur hom daargestel was;

1.2.2 Die beskerming van die integriteit van die vorige regering om sodoende te verseker dat die gemeenskap nie vertroue in die regerende party verloor nie, as gevolg van terreurdade en propaganda deur Kommunisties-georienteerde organisasies;

1.2.3 Suid-Afrika en sy Westerse kapitalistiese gemeenskap te beskermteen 'n gewelddadige oorname deur Kommunisties georienteerde bevrydingsbewegings wie se doelstellings dit was om die land onregeerbaar te maak.

1.3 Deur bovermelde oogmerke die bestaan van 'n normale Westerse demokrasie soos ek dit geken het, in stand te hou en te verseker.

1.4 In hierdie spesifieke geval moes die aktiwiteite van 'n militer - opgeleide terroris wat 'n dubbel-agent geword het, geneutraliseer word sonder om die aandag van die bevrydings organisasie waarvoor hy gewerk het (ANC) te trek. Dit kon op geen ander manier gedoen word as om hom te elimineer nie.

(b) U motivering waarom u sodanige daad/dade, versuim/e of misdryf / misdrywe as daad/dade, versuim/e of misdryf/misdrywe wat met 'n politieke oogmerk in verband staan, beskou :

Die teiken was 'n opgeleide terroris wat die land ingesypel het met die opdragte om dade van terreur te pleeg of die voorbereiding daarvoor en vir 'n "peoples war" te doen. Sy eliminasie sou voorkom dat hy kon voortgaan met dade van terreur en ongelukkig kon dit op geen ander manier gedoen word as om hom te dood nie.

(c) Was u op enige wyse bevoordeel, finansieel of andersins ?

NEE

(d) Indien wel,verduidelik die aard en omvang daarvan :

N.V.T.

11. (a) Is die daad/dade, versuim/e of misdryf/misdrywe verrig in die uitvoering van 'n bevel van, of ten behoewe van, of met die goedkeuring van die betrokke organisasie, instelling, liggaam, bevrydingsbeweging, staatsdepartement of veiligheidsmag ?

JA

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

(b) Indien wel, meld besonderhede met betrekking tot sodanige bevel of goedkeuring en die datum daarvan en, indien bekend, die naam en adres van die persoon/persone wat sodanige bevel gegee of goedkeuring verleen het :

Kol Visser, Brig Goosen

12. Indien vervolging gevolg het, meld :

(a) In welke hof...N.V.T

(b) Saaknommer...N.V.T.

(c) Op welke aanklag...N.V.T.

(d) Datum van volgende verskyning in hof...N.V.T.

(e) Misdryf ten opsigte waarvan skuldig bevind en gevonnis is...N.V.T.

(f) Datum van vonnis...N.V.T.

(g) Vonnis opgele...N.V.T.

(h) Gevangenisnommer...N.V.T.

13. (a) Is siviele verrigtinge hangende of word dit beoog na aanleiding van die daad/dade, versuim/e of misdryf/misdrywe ten opsigte waarvan amnestie verlang word ?

Nie aan my bekend nie

(b) Indien wel, meld :

(i) Die identiteit en adresse van die partye en hulle regsadviseurs, indien enige :

N.V.T.

(ii) Die saaknommer en die hof waarin die verrigting hangend is :

N.V.T.

VERKLAARDER

Die verklaarder erken dat hy/~~sy~~ vertroud is met die verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring is behoorlik deur my beedig/~~bevestig~~ op hede die 6de dag van Mei 1997 te Pretoria.

Kapt Beetter

KOMMISSARIS VAN EDE